

Sing vooraf staande: Psalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode^oin psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 4 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone^ooorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 4 Die skitterglans wat uit u majesteit / u wonderwerk bestraal met heerlijkheid,
gedugte krag wat ons van angs laat vrees, / u grootheid, HEER – dit sal my lofsang wees.

Gebed

Skrifberyming 2-3:1, 2 (32:1, 2)

- 1 Toe het die hoë lug gebeef / en eng'lestem het neergesweef:
Nou is die koninkryke weer / die eiendom van onse Heer
en van sy Ryksgealfde wat / die wêreld in sy vuis omvat.
Hy sal – beslis is nou die stryd – / as Koning heers in ewigheid."
- 2 Toe het die vier- en twintigtal, / die ouderlinge neergeval –
hul wat voor God op trone sit – / en het die hoë God aanbid:
"Ons dank U, onse God en Heer, / U wat oor alles triomfeer,
wat is en was en kom, – u mag, / o Koning, tree nou aan die dag."

Skriflesing: Handeling 15:1-35; Heidelbergse Kategismus, Sondag 48:123

Kernvers: Handeling 15:28a

Die Heilige Gees en ons het besluit ...

(Handeling 15:28a AFR1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 123: Wat is die tweede bede?

Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (a). Bewaar u kerk en laat dit groei (b). Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word (c), totdat die volkomenheid van u ryk kom (d), waarin U alles in almal sal wees (e).

(a) Ps 143:10; 119:5; Matt 6:33. (b) Ps 51:20; 122:6. (c) 1 Joh 3:8; Rom 16:20. (d) Op 22:20; Rom 8:22, 23. (e) 1 Kor 15:28.

Tema: Christus se koningsheerskappy in en deur sy kerk

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die gebed wat Jesus ons leer, word dit vir ons duidelik dat, naas die Naam van die Here, die mense wat die Here dien belangrik is. God word juis geëer en verheerlik wanneer Hy sy Naam heilig en ons gehoorsaam daaraan meedoen. Vanaand kom ons agter dat God ook geëer en geprys word wanneer sy koninkryk al meer en meer sigbaar word in hierdie wêreld. Voordat ons egter verder kan handel oor die koms van God se koninkryk, moet ons eers weet wat bedoel word met die koninkryk van God.

Daar word nie in die Bybel vir ons 'n definisie gegee van *die koninkryk van God* nie. Vir ons om te begryp wat met *die koninkryk van God* bedoel word, is dit nodig om die hele Bybel te bestudeer. Uit die Bybel word drie sake duidelik sodat ons kan begryp wat *die koninkryk van God* is. Ten eerste, 'n koninkryk het 'n koning en in die koninkryk van God is God self die Koning. So word die Here erken en genoem in verskeie psalms. Ten tweede, 'n koninkryk strek oor een of ander gebied. Wat die koninkryk van God betref, dit is nie tot 'n land of 'n kontinent beperk nie. Hier op aarde is God se koninkryk inderwaarheid die mense wat in Hom glo en sodoende sy koningsheerskappy oor hulle erken en aanvaar. En ten derde, regeer ons Koning in sy koninkryk. Die Here ons God regeer sy koninkryk met sy Gees en Woord en nie met wette en reëls soos 'n aardse koninkryk regeer word nie.

Iemand sou ons kon vra: Waar is die koninkryk van God? Dan sal ons eenvoudig kan antwoord: Oral waar God regeer, en dit is oral – in die hemel sowel as op die aarde. In die hemel is God se koninkryk suiwer en volmaak, want daar word God se koningsheerskappy volmaak erken en Hy word ten volle as Koning en God geëer. Hier op aarde is dit egter 'n ander saak. Weens die geweldige invloed van die Satan en omdat die mens sedert die sondeval so 'n gewillige medewerker van die Satan geword het, het sigbaarheid van God se koninkryk op aarde vervaag. Van nature is mense nie meer geneig om spontaan die Here as Koning in hulle lewe te erken en te gehoorsaam nie.

God wil dit egter nie maar net so los nie. Die aarde en alles en almal daarop behoort aan Hom. Daarom wil Hy dat alles en almal op die aarde Hom ook weer op die aarde as Koning erken en Hom spontaan gehoorsaam. In Jesus Christus het die koninkryk van God weer helder en duidelik deurgebreek op die aarde. Jesus het sy Vader se koningsheerskappy volledig erken en Hom volmaak gehoorsaam. Deur sy kruisdood en opstanding het Jesus die mag van die Satan en die sonde verbreek. En deur die Heilige Gees gaan Jesus voort om in die mense wat in Hom glo die koninkryk van God al duideliker sigbaar te maak.

Die wyse waarop die Here Jesus en sy Vader gekies het om hulle koninkryk sigbaar te maak in hierdie wêreld, is deur middel van die kerk. Die kerk is tog die liggaam van Christus waarin Hy deur sy Gees en Woord regeer. Die kerk is, of behoort, die mense te wees wat die koningsheerskappy van Christus erken en in hulle lewens sigbaar laat word. Wanneer Christus ons leer bid ***Laat u koninkryk kom*** het Hy dan juis sy kerk in die oog en hoe sy Vader hierdie kerk gaan gebruik om sy koninkryk op die aarde te vestig.

Om hierdie dinge te hoor, broers, susters en kinders, is aangenaam. Dit is vir ons as gelowiges en as kerk van die Here Jesus 'n groot voorreg om so diensbaar te wees vir en in die koninkryk van God. In dit wat ons bely oor die koninkryk van God in hierdie tweede bede is daar egter ook iets skokkends. Kom ons luister mooi wat is die eerste saak waarvoor ons vra in hierdie tweede bede: ***Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp.***

Die sterkste teenstand teen God se koninkryk is nie Sodom, Babel, Johannesburg of Kaapstad nie. Die hewigste stryd teen die koningskap van God word nie deur die sportbase, die geldwolwe, kommuniste of kapitaliste geveg nie. Nee, die sterkste vesting teen God se koningsheerskappy is hier in die hart van die mens wat nog deurspek is van sonde. Die hewigste stryd teen die regering van God word deur ons ou mens geveg.

Die boek Handelingte is die handelingte van Jesus Christus deur sy apostels en sy kerk om sy Vader se koninkryk in hierdie wêreld weer te vestig. En hier in Handelingte 15 sien ons die gevolge van hierdie stryd teen God se heerskappy. Daar was Joodse Christene wat die kerk van die Here na hulle eie goëddunke wou inrig. Soos hulle opgetree het, sou 'n mens kon sê hulle dink die kerk is hulle eiendom. Dit is hulle kerk en hulle gaan daarmee maak soos hulle wil. Hierdie Joodse Christene was nog vasgevang in die uiterlike diens aan die Here waaraan hulle gewoon was. Daarom het hulle die Christene wat uit die heidendom gekom het, aangespoor om hulle ook te besny. Hulle het geleer: Om in Christus Jesus te glo is goed, maar 'n mens moet ook besny word om heeltemal seker te wees van jou verlossing.

Hierdie Jode se bedoelings was nie so suiwer as wat 'n mens graag sal wil dink nie. Met hierdie leer wat hulle verkondig het, was hulle eintlik 'n bedreiging vir die kerk van die Here. Paulus se brief aan die Galasiërs maak die gevaar van hierdie leer baie duidelik. Hierdie mense was eintlik besig om 'n sogenaamde ander evangelie te verkondig. Daarom het Paulus drie maal 'n vervloeking oor hierdie leer en die verkondigers daarvan uitgespreek. Hierdie Jode het inderwaarheid met 'n valse leer na die Christene in Antiogië, Sirië en Silisië gegaan, 'n leer wat die Satan in sy stryd teen God gebruik het. Alle Christene moet soos Joodse Christene wees. Hulle moet besny wees. As gevolg van hierdie leer het daar verdeeldheid in die kerk in Antiogië gekom. Die eenheid, vrede en liefde onder die gelowiges het in die gedrang gekom. Hierdie dwaling wil gate breek in die koninkryk van God.

Geliefdes, dié werk van Satan is tipies van hom. Hy wil die kinders van God in opstand bring teen mekaar en teen God self. Daarom gebruik hy ook sulke slinkse planne om dit reg te kry soos wat hy in Antiogië gedoen het. Die Woord en werk van God word aangeval. Jesus se dood en opstanding is nie genoeg om ons van ons sondes te verlos nie. Ons moet iets by doen. Die Christene in Antiogië moes hulle laat besny.

Hoewel Satan met 'n slinkse plan gekom het om die koninkryk van God 'n vernietigende slag toe te dien, regeer God tog ondanks die sonde van mense. Paulus en Barnabas, mannebroers met die Heilige Gees vervul, is die instrumente in die hand van die Here. Hulle bestry die sonde waarmee hierdie Jode na die kerk van die Here gekom het. En toe dit duidelik word dat die saak nie daar plaaslik opgelos kon word nie, is Paulus en Barnabas en nog 'n paar ander van die gemeente na Jerusalem afgevaardig om daar saam met die ander apostels en die ouderlinge oor hierdie saak te beslis.

In Jerusalem is die saak lank bespreek. Petrus het ook getuig hoe die Here deur sy Heilige Gees die Christene uit die heidendom laat deel kry aan die weldade van Christus. God maak nie 'n onderskeid tussen Joodse Christene en Christene uit die heidendom nie. Daarna stel hy die suiwer leer:

Ons, en ook hierdie gelowiges, glo dat ons net deur die genade van die Here Jesus gered word. (Handelingte 15:11 AFR1983)

Barnabas en Paulus het hierdie woorde van Petrus bevestig toe hulle geleentheid gekry het om te vertel van die wonders en tekens wat God onder die heidennasies gedoen het.

Maar, geliefde gemeente, God regeer met sy Gees nie los van sy Woord in die harte van mense en in sy kerk nie. Sonder die Woord verval 'n mens maklik in 'n eiewillige godsdiens al lyk dit op die oog af baie "geestelik". En sonder die Gees verval 'n mens in 'n formele en koue doodsheid al lyk dit op die oog af of alles goed georganiseer en georden is. Gedryf deur die Heilige Gees het Paulus, Petrus en Barnabas gepraat. En net so gedryf deur die Heilige Gees vat Jakobus hierdie saak saam met die Woord van God as fondament in die voorstel wat hy op die tafel van hierdie vergadering plaas.

Die Here was so met sy Gees en Woord in hierdie vergadering in Jerusalem teenwoordig dat dit selfs in die brief waarin die besluit aan die gemeente deurgegee is duidelik word. Hoor weer hoe staan dit

geskryf: **Die Heilige Gees en ons het besluit ...** Hier in Handeling 15 sien en hoor ons hoe die Here die tweede bede van die *Ons Vader* verhoor het. Deur sy Gees en deur sy Woord het Hy die gelowiges van Jerusalem en Antiogië regeer sodat hulle hulle aan die Here onderwerp het. Nie hulle besluit nie, maar die Heilige Gees en hulle besluit het geseëvier. Dit is 'n besluit wat geneem kon word omdat hulle na die wil van die Koning geluister het. So het die Here sy kerk in Antiogië bewaar en gesorg dat dit ook verder kon vermeerder. Aan die einde van hierdie hoofstuk hoor ons die vrede en eensgesindheid is in die kerk in Antiogië herstel sodat Paulus weer verder kon gaan en op die tweede sendingreis vertrek. Deur sy Gees en sy Woord het die Here die werk van Satan deur die Joodse Christene tot niet gemaak.

Geliefdes, soos wat die vergadering in Jerusalem gebid het dat die Vader sy koninkryk moes laat kom in daardie vergadering, so moet elke gemeente en elke gelowige vandag nog aanhou bid. Ons gaan nie in hierdie lewe die punt bereik waar ons volmaak koninkryk van God is nie. Geen kerk, maak nie saak hoe sy haarself noem, sal ooit kan sê dat hulle die volmaakte koninkryk van God op aarde is nie. Ware gelowiges is reeds in hierdie lewe koninkryk van God, maar in hierdie lewe is hulle nog steeds sondaars. En gelowige sondaars kan tog soms sulke ongehoorsame, onwillige, eiewillige en selfs revolusionêre burgers wees. Terwyl ons nog in hierdie lewe is, moet ons aanhou bid soos Jesus ons geleer het: ***Ons Vader, laat u koninkryk kom – regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp.***

Alvorens ons dus bid dat die Here nuwe burgers tot sy koninkryk moet voeg, bid ons eers dat Hy ons meer gehoorsame burgers moet maak. En wanneer ons sê *ons* in hierdie bede sê ons ook *ek* en *my*. Elke ware gelowige weet dat hy en sy nie altyd sulke gehoorsame burgers in die koninkryk is nie. Daarom bid ons persoonlik in hierdie tweede bede: Here, ***regeer my deur u Woord en Gees dat ek my hoe langer hoe meer aan U sal onderwerp.*** Wanneer ek en ons as gemeente duidelik sigbaar God se koningsheerskappy erken, kan ons ander mense nader trek na die Here Jesus. Dit moes eers in Antiogië gebeur voordat Paulus-hulle op die tweede sendingreis kon vertrek.

Die Here self moet sy koninkryk in my en jou hart vestig sodat ons sonder voorbehoud ons aan Hom sal onderwerp en met groter gewilligheid en oorgawe sal dien. Dit gebeur ook nie eensklaps nie. Dit is 'n proses van verandering. Hoe langer hoe meer moet die Here ons gehoorsame burgers in sy koninkryk maak. Elke dag moet ek bekeer word en heilig gemaak word. Om onself aan die Koning van die koninkryk te onderwerp moet ons daaglik in gehoorsaamheid groei. Daarom moet ons bereid wees om onself te verloën en die sondes waaraan ons so maklik kleef te verag.

Hierdie verandering laat die Here alleen deur sy Gees en Woord in ons plaasvind. Daarom bid ons: ***Regeer ons deur u Woord en u Gees.*** Dit is tog net in die Bybel waar ons duidelik die stem van die Koning hoor. Nêrens anders kan ons dit vind nie. Laat ons daarom die Bybel aanhoudend lees, bestudeer en na die verkondiging daarvan luister. Dan sal ons weet wat die wil van ons Koning is. Mag die Heilige Gees ons daarin lei sodat ons die Bybel altyd beter sal verstaan en uitleef.

Geliefdes, ons bid in die tweede bede ook vir die kerk van die Here. Ter wille van die kerk in Antiogië het die vergadering in Jerusalem plaasgevind. Deur daardie vergadering het die Here sy kerk in Antiogië bewaar van die Satan se aanslag. Soos die kerk daar in Jerusalem teen die duiwel en sy bose magte gestry het, moet die kerk van die Here vandag steeds stry. Ons moenie 'n strydende kerk met 'n twistende kerk verwar nie. Wanneer 'n kerk aan die twis is, is die Satan juis besig om die burgers van God se koninkryk die een na die ander te laat val, want hy stig die getwis. 'n Kerk wat stry teen die aanvalle van die Satan en die wêreld, doen dit met die swaard van die Gees onder leiding van die Heilige Gees.

As ons oë eers oopgegaan het om te sien watter geweldige gevare die kerk bedreig, sal ons nooit ophou bid dat die Here sy kerk moet bewaar nie. Daar is die gevare om aan die wêreld gelykvormig

te word, vervlakking in geloof, verleiding van die wêreld en die duiwel, en onbekwame en ontroue diensknegte. In die tweede bede bid ons dat die Here sy kerk van al hierdie gevare sal bewaar. Maar ons bid ook dat die Here sy kerk moet laat groei en uitbrei.

Daarom vra ons dat die Here aan ons kinders sal gee wat op die pad van die geloof kan voortgaan. Ons bid dat die Here die sending- en evangelisasie-aksies van sy kerk sal seën sodat sy koningskap ook deur die heidene en verlore seuns en dogters erken sal word. Deur die uitbreiding van die kerk moet die Here nuwe harte en nuwe terreine verower met sy koninklike gesag.

Broers, susters en kinders, uiteindelik smee ons dat die Here se koninkryk die mag van die duiwel en sy werke sal vernietig. Ons vra dat die werk van ons sondige natuur en die duiwel in ons eie lewe en in die lewe van ander vernietig moet word. In die besonder bid ons dat die Here die bese planne van die duiwel teen God se Woord moet vernietig.

Satan weet hoe belangrik die Woord van God is in die lewe van die kerk en elke gelowige afsonderlik. Sonder God se Woord sal ons nooit weet hoe groot God se koninklike gesag is nie en ook nie weet hoe Hy wil hê dat die burgers van sy koninkryk moet leef nie. Daarom is die duiwel daarop uit om op elke denkbare manier te probeer om die Woord van God te verkleineer, te verdraai of te vervals. In die tweede bede bid ons dat God sy eie Woord sal beskerm. En die Here wil dit juis deur middel van sy kerk doen. Ons moet aanhoudend die Woord onvervals en suiwer bly verkondig sodat God se koninkryk vol kan word.

Mag die Here ons hierin getrou maak. Die Here het immers sy kerk in die lewe geroep sodat sy koninkryk sigbaar mag word in hierdie wêreld wat met sonde deursuur is. Laat ons daarom onself aan die Koning van die kerk onderwerp en ook in alles gehoorsame burgers in die koninkryk van God wees. Laat ons aanhoudend vra: Here, wat wil U hê moet ons doen?

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 6-2:1, 2

- 1 'n Eng'lestem het ek hoor juig, / wat aanswel uit die hemel aan:
"Nou moet voor God die Here buig / die magte teen Hom opgestaan:
want heil en krag en heerskappy / het God nou skitt'rend aan laat lig,
en Christus – so 'n glans het Hy / dat Satan blind daarvoor moes swig.
- 2 Nou sal die duiwel nimmermeer / kan opstyg uit die diepte omhoog,
nou sal hy hier ook nimmer weer / Gods uitverkoornes kan verklaag.
Vors Migael – die tyd was ryp / dat hy tot kragdaad aangevord,
die Satan in sy vuis sou gryp / en in die afgrond neer sou stort.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
18 Maart 2012